

"Haarverlengstukke" bevind as middel vir die vervaardiging van mandrax

Tshwane, 7 Desember 2022 - Doeane-beamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het 'n middel gekonfiskeer, wat gebruik word vir die vervaardiging van die dwelmmiddel mandrax, nadat 'n trok deursoek is wat Suid-Afrika van Mosambiek af binnegekom het.

Doeane-beamptes van die honde-eenheid het lukraak vragte deursoek by die invoerkanaal van die Lebombo-grenspas toe hulle 'n geel trok met twee sleepwaens gestop het.

Die beamptes het met die drywer, 'n Zimbabwiër, kontak gemaak om 'n fisiese inspeksie uit te voer om die verklaarde goedere, verklaar as bokse 'haarverlengstukke' te verifieer. 'n Doeane-beampte het die verklaringsdokumente van die drywer versoek en hy het dit oorhandig.

Die seëlnommers is geverifieer en as korrek bevind, en die beampte het voortgegaan om die res van die voertuig te ondersoek. 'n Gereedskapskis is oopgemaak en nege sakke, met 'n gewig van 22 kg elk, wat 'n onbekende poeierstof bevat is gevind. Die poeier is op die terrein getoets met die gebruik van die generies- en kokaïenetoets en is positief getoets as narkotiese middel.

Die goedere en die voertuig is aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) oorhandig vir verdere ondersoek. Die SAPD se forensiese laboratorium het later bevestig dat die middel n-asetielantraliensuur is wat die voorloper is in die samestelling van methaqualone (mandrax).

Die geskatte waarde van die middel is nagenoeg R5 miljoen. Hoewel, wanneer hierdie poeier gebruik word om mandrax-tablette te vervaardig die dwelmmiddel 'n baie groter waarde sou hê. Die trokdrywer het tydens die inspeksie van die toneel gevlug, en die middel en voertuig is aan die SAPD oorhandig vir verdere ondersoek. Die voertuig is in SARS se staatspakhuis teruggehou.

In 'n afsonderlike insident, by die Skilpadshekgrenspas met Botswana, het 'n doeane-beampte lukraak 'n Suid-Afrikaans-geregistreerde trok onderskep wat 1 433 meesterkiste onverklaarde, vermoedelik onwettige Remington Gold sigarette vervoer het.

Die inhoud van die trok is verklaar as afvalpapier ter waarde van R 48 500. Tydens die inspeksie, het die doeane-beampte bevind dat die afvalpapier gebruik is om die meesterkiste sigarette te verberg. Die waarde van hierdie sigarette is teen R 21 miljoen geskat.

Die trokdrywer het voorgegee om die ander kant van die trok oop te maak toe hy van die toneel gevlug het. Die trok en meesterkiste sigarette is by Skilpadshekgrenspas teruggehou. 'n Kriminele saak is teen die drywer, klaringsagent en vervoermaatskappy aanhangig gemaak.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het die doeane-beamptes en die honde-eenheid geloof vir hul oplettendheid wat voorkom het dat onwettige sigarette die land binnekom. "Die wettige tabak- en sigaretindustrie in die land moet ondersteun word en SARS het weereens bewys dat dit sy deel doen. Net so moet die handel in dwelmmiddels verpletter word. Hierdie dwelmmiddels het 'n skadelike uitwerking op alle gebruikers, wat ongelukkig jongmense insluit wat potensieel 'n positiewe bydra kan maak tot die welvaart van ons land."

Mnr. Kieswetter het bygevoeg dat SARS vasbeslote is om betekenis te gee aan sy strategiese oogmerk wat behels om die duur en moeilik te maak vir enige persoon wat die wet oortree. "Terwyl ons nakoming maklik maak, sal ons terselfdertyd nie kriminele en sindikate verdra wat daarop uit is om die ekonomiese welvaart van ons land en die welstand van ons burgers te belemmer nie."

Sien foto's hieronder van die sakke met die middel n-asetielantraliensuur.



Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.